

**DANKOFFERSONDAG : RENTMEESTERSKAP**

- **LEES 1 Kronieke 28: 1 - 5; 20 - 21; 1 Kronieke 29: 1 – 21**
- **DEEL MET MEKAAR:** wat in die gelese gedeelte staan vir jou uit
- **DEEL MET MEKAAR:** in watter verse sien julle die volgende gedagtes raak:
  1. Alles behoort aan die Here
  2. Alles wat ons het, kom van Hom af
  3. Dat ons as rentmeesters *geld* kan gee
  4. Dat ons as rentmeesters *goed/besittings* kan gee
  5. Dat ons as rentmeesters *gawes/talente* kan gee
  6. Dat ons as rentmeesters ons *geleenthede/tyd* kan gee
  7. Dat ons as rentmeesters *lof en eer* kan gee
  8. Dat ons as rentmeesters *offers* kan bring
  9. Dat ons maar net met vrygewigheid gawes kan gee omdat God reeds aan ons alles gegee het
  10. Dat rentmeesterskap gepaard gaan met die regte gesindheid

- **LEES EN BESPREEK ONDERSTAANDE:**

Rentmeesterskap gaan beslis oor my geld. Dit gaan ook oor my goed, my gawes en talente en die geleentheid of tyd wat ek beskikbaar stel vir die kerk of vir die Here se werk of om ander mense in nood te help.

Dit gaan ook oor my gesindheid. Dit gaan ook gepaard met lofprysing vers 10-13; kniel, huldebetoon vers 20; offers wat gebring word vers 21.

Daarom gaan rentmeesterskap oor my **totale lewenswyse** - want alles wat ek is en het is ek en het ek slegs deur die genade van die Here.

Ek is nie die eienaar daarvan nie- ek bestuur dit alles net namens die Here. Ek gee net aan Hom terug wat ek reeds van Hom ontvang het. Dis al wat God van jou en my vra.

Hy wil in verhouding met jou leef en saam met jou deel in die oorvloed en die genoeg wat Hy reeds vir jou voorsien het. Alles kom tog van Hom af en ons gee net aan Hom wat ons van Hom gekry het.

